

DR. A. SIZOO, *Christenen in die Antieke Wereld*, J. H. Kok, Kampen, 1953.

Aan die hand van 'n aantal sketse wat deeglik gefundeer is in die oud-christelike bronnemateriaal, bied hierdie bekende skrywer 'n blik in die alledaagse lewe van die vroeë Christendom. Hoewel populêr geskrywe en maklik verstaanbaar vir die nie-teoloog, is die werk in die gebruik van sy bronne en sy gevolgtrekkinge absoluut wetenskaplik verantwoord.

Die eerste hoofstuk, handelend oor die martelare, en met name dan Polycarpus, Justinus, die bloedgetuies van Scillium en Cyprianus, almal tweede en derde eeuse martelare, berus op 'n kritiese gebruikmaking van die sogenaamde martelaarsakte.

Die tweede hoofstuk, Die Oud-christelike gemeenskap, vertel o.g.v. die tweede-eeuse geskrif, die Didache, hoedat die gelowiges Avondmaal gevier het, ampsdraers gekies het, die voorskrifte oor beproewing van die geeste en christelike gasvryheid nagekom het. Dit lyk mij die skrywer kon in hierdie hoofstuk ook vrugbare gebruik gemaak het van Justinus se

Apologia I.54 en die brief van Plinius aan Trajanus, twee van die oudste stukke oor die christelike liturgie. Dit word egter vergoed deur die mooi verwerking van Tertullianus se Apologeticum, waaruit die orde van die erediens teen die einde van die tweede eeu, gemeentelike organisasie, armerversorging en viering van die Agapé uiteengesit word.

Oor die oorsprong van die monnikwese, die stigting van die eerste klooster deur Pachomius word onderhoudend vertel uit die bronne, o.a. uit Hieronymus se brief aan Eustochium.

Die vierde hoofstuk bied 'n kykie in die vierde eeuse „pastorie”, die biskopswoning van Augustinus in Hippo Regius in N.-Afrika. Die wyse en inhoud van die prediking word pragtig geïllustreer met grepe uit drie van Augustinus se vyf honderd behoue preke.

Nog veel meer as moderne teoloë het dié van die eerste eeue hul met lus en ywer gewy aan die leersame tydverdryf wat genoem word die polemiek. Niemand minder as Augustinus en Hieronymus nie het by geleentheid met mekaar op die wyse die papierswaarde gekruis nie en wel oor sulke aangeleenthede as die gesag van die Septuagint, die nut en noodsaak van 'n nuwe Bybelvertaling(!) en die eksegesi van Jak. 2:10. Wonderlik dat daarniks nuuts onder die son is nie. Daardie moderne stryd uit die outyd word lewendig en verantwoord meegedeel uit die korrespondensie van die twee kerkvaders self.

Die werk sluit met 'n antieke reisbeskrywing deur die christin, Etheria, na die heilige land. Ook alweer trots die verloop van vyftien eeue, so modern as kan kom.

Die skrywer het skitterend daarin geslaag om die christelike verlede histories juis te laat herlewe asof dit net gister was. Hierdie leersame boek behoort op die rakke van predikante, onderwysers, studente en alle lesende christene te staan.